

Ons glo in Christus en aan sy kerk, nie in die kerk en aan Jesus nie.

Ds. PJ Kriel

13.02.2022

Inhoud Hierdie preek wys dat ons in Christus en aan sy kerk glo. Dit is hoe ons die evangelie glo. Dit wys in die dubbele betekenis van die woord “liggaam” by Paulus waar dit tegelykertyd beteken die liggaam van Christus as mens in die hemel vandag en die kerk. Ons glo in wie Christus as mens is en aan die kerk wat met Christus verenig is. Die moderne Christelikheid verdraai die evangelie na “ons glo aan Christus en in die kerk. Hulle glo aan Christus as ’n voorbeeld hoe geestelik hulle soos Jesus kan wees en in die groepe mense wat kamstig God se goddelikheid beliggaam, uitbeeld, uitleef en meedeel aan ander mense.

Skriflesing Efesiërs 2: 4 – 10, 13 – 22; 3: 5; 4: 3 - 8

Teks Efe. 3: 5, 6 “Die geheimenis is ... naamlik dat die heidene deur die evangelie mede-erfgename, medelede van die liggaam en deelgenote van die belofte in Christus is. ”

Tema Ons glo in Christus en aan sy kerk, nie in die kerk en aan Jesus nie.

1. Ons is meteens deel van die Christus én sy kerk. Jy kan nie deel van Christus wees en nie deel van sy kerk wees nie. Net so kan jy nie deel van Christus se kerk en nie deel van Christus wees nie. Ons is tegelykertyd deel van Christus en sy kerk.

Daarom is ons lidmaatskap van die kerk van die Here, deel van ons verlossing. Dit is nie iets bykomstig ná ons verlossing nie. Dit is hoe ons verlos word, om deel van die kerk van die Here te wees.

Dit sien ons duidelik in die dubbele betekenis van die woord “liggaam” in Efesiërs. Die woord “liggaam” in Efesiërs beteken tegelykertyd die menslike liggaam van vleis en bloed van Jesus Christus in die hemel vandag en die kerk van die Here.

Dit is allereers Christus se menswees vandag in die hemel. Dit is deur hierdie liggaam van Jesus as mens in die hemel, dat God die middelmuur van skeiding tussen Jode en heidene afgebreek het (2:14). Dit is hierdie een liggaam waardeur God Hom met ons versoen (2: 16). Dit is deur die bloed van hierdie liggaam van die Here as mens wat ons naby God gekom het (1: 13). Dit is Christus se liggaam as mens wat die Een nuwe mens is. (2:15; Rom. 5: 12 -21) Daarom is die “een liggaam” in 4: 4 en “liggaam” in 3: 6 (“medelede van die liggaam”) die liggaam van vleis en bloed van Jesus Christus as mens in die hemel.

Die evangelie is dat deur die krag van die Heilige Gees, is ons ingesluit in wie Jesus Christus vandag as mens in die hemel is, en deel ons alles wie Hy as mens was en is. In hierdie vereniging met Christus is ons deel van sy lyding, kruisiging, sterwe, opstanding, hemelvaart en sy plek in die hemel. (2:6) In hierdie vereniging is ons God se nuwe maakself. (2: 10) Ons deel sy ware geregtigheid en heiligheid as mens. (4: 24) Hy is alles wat ons verkeerd is en doen en ons is verenig met Christus as mens in alles wat Hy vir God reg is en reg doen.

Ons verlossing is ons eenheid met Christus as mens in die hemel.

2. Die woord “liggaam” beteken in elke vers tegelykertyd ook die kerk van die Here!

Ons glo in Christus en aan sy kerk, nie in die kerk en aan Jesus nie.

Dit beskryf Paulus in Efesiërs 4:16 Hy, Christus is die Hoof uit wie die hele liggaam, harmonieus saamgevoeg en saamgebind, ... die groei van die liggaam bewerk tot sy eie opbou in liefde.”

Hier word die Here se kerk nou sy liggaam genoem. Sy kerk is sy liggaam omdat Hy die Hoof is. Hoof hier beteken die bron en oorsprong waaruit die kerk groei en ontwikkel, soos 'n saad die bron en oorsprong van 'n boom is. Dit bevestig weer die eenheid van Christus se liggaam as mens in die hemel en die kerk as sy liggaam in die hemel en op aarde. Sy kerk groei en ontwikkel uit hulle eenheid met Hom as mens in die hemel. Hulle is die mense wie ingesluit is en deel het aan wie Hy as die nuwe mens is.

Daarom is sy kerk een liggaam wat beteken dat hulle medelede van die liggaam van die Here is. Hulle is ingesluit en deel in al die beloftes van God wat Jesus deur sy lyding en opstanding vir hulle waar laat wees.(3: 6)

Die Here se kerk is sy liggaam want elke lidmaat van sy kerk is deur een Gees ingesluit by sy een liggaam in die hemel. Hulle is een liggaam waarvan Hy die een Here en Hoof is. En omdat hulle sy liggaam is, is God sy Vader die kerk se Vader. Hulle is sy liggaam in een geloof in sy lyding en opstanding en een doop wat wys hulle is ingesluit in wie Hy as mens is en was.

3. Wie ingesluit is in wie Jesus Christus as mens is, in sy liggaam, is ingesluit in die kerk van die Here, want die Kerk van die Here is sy liggaam, bedoelende is hulle wie ingesluit is in wie Hy as mens vir hulle in sy dood en opstanding is.

Daarom is deel van ons verlossing deur die Here, dat ons sy liggaam, sy kerk is. Daar is geen verlossing sonder om ingesluit en deel van die Here se kerk te wees.

Om deel te wees van die Here se liggaam, sy kerk is deel van die evangelie van ons verlossing. Dit bely die kerk nog altyd vanaf Christus se opstanding uit die dood uit.

Die apostoliese geloofsbelydenis wat ons in eredienste en met die nagmaal saam bely, is die kort volledige samevatting van die evangelie. Die inhoud van die evangelie gaan oor die Vader, Seun en Gees, oor Jesus se geboorte, lyding, kruisiging, dood, opstanding, hemelvaart, regering en wederkoms. En dan bely ons as deel van die evangelie – ons glo aan 'n heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges.

Só bely ons dat om lid te wees van die heilige, algemene Christelike kerk, is deel van die evangelie van Jesus Christus. Jy kan nie in Christus glo anders as 'n lid van die heilige algemene Christelike Kerk nie.

4. Die geloofsbelydenis maak egter 'n deurslaggewende onderskeid tussen ín wie ons glo en áán wat ons glo!

Ons moet hierdie onderskeid binne die evangelie duidelik raaksien. Ons glo ín die Vader, Seun en Gees. Ons glo ín Jesus se geboorte, lyding, kruisiging, dood, opstanding, Hemelvaart, regering en wederkoms.

Ons glo in Christus en aan sy kerk, nie in die kerk en aan Jesus nie.

Maar ons glo áán die kerk, vergifnis van sonde, die opstanding van die vlees en die ewige lewe. Ons glo nooit in die kerk, in vergifnis, die opstanding en die ewige lewe nie en ons glo nooit aan die Vader, Seun en Gees nie.
Die geloof aan die kerk van die Here, is deel van die inhoud van die evangelie, maar ons glo nooit in die kerk nie!

Wat is die verskil?

Geloof in en geloof aan!

Geloof in gaan oor die geloofskennis van wie God is in die evangelie en ook 'n hartlike vertroue in wie God binne die evangelie is. Ons ken die Vader as ons Vader in Christus en vertrou Hom as ons Vader in Christus. Ons ken die Gees as die Gees van Christus en ons vertrou die Gees om ons in te sluit en te laat deel in wie Jesus vir ons in ons plek is. Ons ken en vertrou Christus as die Here wat in ons plek sondaar is sodat ons met Hom vir God heilige en regverdige mense kan wees.

So glo ons in wie God is en in wat God vir ons doen! Ons ken en vertrou Hom.

Maar ons glo nooit in die kerk, vergifnis, die opstanding en die ewige lewe nie. Ons glo daaraan! Vanoggend dan toegespits op – ons glo aan die kerk. Ons kan nooit die heilige, algemene, christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges ken en vertrou nie.

Ons vertrou nie die kerk nie, ons glo aan die kerk.

Geloof aan die kerk is om te glo dat Christus ander mense ook ingesluit het in wie Hy as mens en die hemel is. Dit is om te glo dat Christus hulle sonde was en hulle nou Christus se regverdigheid en heiligheid nou is. Die gemeenskap van die heiliges is hulle gemeenskap aan wie Jesus vir hulle is. Dit is alles wat Christus met hulle deel.

Om aan die kerk te glo is om te glo wat Jesus aan al die ander mense doen wat Hy ook met my doen! Hy doen vir en met hulle elkeen presies wat Hy met my doen – daarom is ons een liggaam. Hy maak elkeen sonder sonde en reg en heilig vir God se liefde. Daarom is ek en hulle lidmate van die heilige kerk. Christus lyf elkeen by sy menswees in die hemel is, en daarom is ons die christelike kerk. En ons is kerk want ons behoort almal saam aan die Here Jesus Christus.

Om aan die kerk te glo is om te glo dat die Here aan elkeen van sy kinders presies dieselfde doen as wat Hy aan my doen, en vir elkeen is wie Hy vir my is.

Daarom glo ons in Christus en aan sy kerk. Ons kan nooit in sy kerk glo nie, want ons vertrou nooit sy kerk vir wat hulle is en doen nie. Ons vertrou die Here vir wie Hy vir sy kerk is en wat Hy met hulle doen.

5. In hierdie kerk is elke lid van die kerk 'n medeburger van elke ander lid van die kerk en elke lid 'n lid van die huisgesin van God.

Ons glo in Christus en aan sy kerk, nie in die kerk en aan Jesus nie.

Daar kan nie in die kerk van die Here iets wees soos burgers én vreemdelinge en bywoners nie, ook nie iets soos regte lede van die huisgesin en buitelanders van die huisgesin nie. Dit is elkeen is 'n kind van God en daar is nie iets soos regte kinders teenoor nie-kindern, eie kinders teenoor stiefkinders, of regte kinders en buite-egtelike kinders nie.

Want die kerk is die huisgesin van God waarin God woon. Dit is net soos ons eie gesinne! 'n Pa en ma se kinders is hulle gesin waarin hulle hulle liefde instort en in uitstort. Ons maak nie onderskeid tussen ons kinders wie is regte en nie regtig, wie is eie en oneg nie, wie is tuis en wie is vreemdelinge nie.

Christus maak elke lid van sy liggaam God se huisgesin. God die Vader stort sy liefde oor en in hulle uit. Daarom is ons broers en susters van mekaar. Ons glo in Christus en aan mekaar se kindskap! Dit is hoe ons aan die kerk glo: ons glo elkeen is deel van alles wat Christus vir ons is en doen!

Ons ontdek hierdie kerk van die Here as ons aan die kerk glo!

Glo u aan die liggaam van die Here Jesus Christus in Levubu? Sy kerk? Die heilige algemene Christelike Kerk van die Here?

Vertrou U Jesus Christus vir wie Hy vir u is en wat Hy vir u doen? Dat Hy U insluit in wie Hy as mens in die hemel is en só al u sondes vir altyd weggevat het in sy dood, dat Hy u vir God se liefde reg en volkome laat wees, dat Hy u God se kind laat wees wat in God se volkome liefde leef?

U sal die kerk van die Here ontdek, wanneer U glo dat die Here dit ook vir ander doen en besig is om te doen – in hulle huise en elke dag by hulle werk. U is 'n lid van die hele liggaam van Christus. En soos U Hom vertrou, so vertrou elke lid Hom. En daarom glo ons aan hierdie kerk!

6. Ons glo nooit in die kerk nie. Ons vertrou nooit die kerk soos ons Christus vertrou nie.

Dit is wat 'n nuwe tipe godsdienstige gemeenskap van ons nou al meer en meer verwag: ons moet in die kerk glo en aan Jesus glo! So verdraai hulle die inhoud van die evangelie!

Hoe maak hulle hierdie verdraaiing, om in die kerk en aan Jesus te glo?

Die diepste verdraaiing in hierdie ongeloof is dat hulle nie meer glo dat Jesus vandag nog steeds 'n regte mens van vleis en bloed in die hemel is nie. Hulle glo nie Jesus het uit die dood uit opgestaan om weer 'n mens te wees nie. Vir hulle is Jesus net 'n gees, nie meer 'n mens nie.

Die kerk is die Here Jesus se liggaam omdat ons ingesluit is en deel is van wie Hy vandag as mens is. Wat gebeur as mense nie meer glo Jesus is mens nie? Dan kry die woord “die kerk is die Here se liggaam” mos 'n totaal ander betekenis!

Ons glo in Christus en aan sy kerk, nie in die kerk en aan Jesus nie.

Ons kan mos nie meer die Here se liggaam wees, soos die Bybel dit openbaar wanneer Hy nie meer 'n liggaam het en nie meer mens is nie!

Vir hulle beteken die woord "liggaam" 'n groep mense, net dit! Mense wat saam groepeer, samehorig is, saam glo, voel, dink en doen, en hulle self as groep organiseer is 'n liggaam. Daarom beteken die Here se liggaam vir hulle dan eerstens mense wat hulle rondom Jesus en in die naam van Jesus saam groepeer.

Dit is die betekenis wat mense aan die woord "liggaam" van Christus gegee het om kinders tot die nagmaal toe te laat. Hulle het openlik verklaar dat kinders nie hoef te glo in wie Jesus vandag as mens is en wat sy menswees van vleis en bloed vandag beteken nie. Hulle moet net help kyk dat almal saamgekom het om saam nagmaal te gebruik. Die hele groep, die hele liggaam, moet saam kom, grotes en kleintjies, en saam nagmaal gebruik as 'n samehorige groep.

7. Aan hierdie nuwe liggaam, die groep mense word nou egter 'n nuwe verlossende werking gegee: hierdie groepe mense moet God se goddelikheid sigbaar, teenwoordig, toeganklik vir en deel van ander mense se lewe maak.

Hierdie nuwe groep mense is nou God se liggaam op aarde. Dit beteken glad nie meer die mense wie deel is van Jesus se liggaam as mens in die hemel nie. Hulle is nou die regte liggaam van die gees van Jesus wat nie meer 'n liggaam het nie. Hulle beliggaam God in hulle groep.

Dit klink vreemd maar klink die volgende nie vir u bekend nie?

God leef in ons en ons moet God uitleef vir ander mense! God se krag is in ons en ons moet God se krag uitdra in die wêreld. God se liefde is in ons en ons moet God se liefde aan ander mense meedeel. Ons is god se Beeld en ons Moet God sigbaar uitstraal in ons lewe sodat ander mense God kan raaksien en leer ken in ons lewe. God se droom, visie en missie leef in ons en ons moet sy droom, missie en visie in die wêreld uitleef!

Wat moet 'n mens met hierdie soort kerk doen wat glo hulle is God se liggaam, hulle beliggaam God se goddelikheid binne in die wêreld? Jy moet in hulle kerk glo!

Jy moet hulle kerk vertrou om God se lewe, krag, mag, liefde, drome en planne te laat werklik word in jou lewe en in die wêreld! Jy moet hulle vertrou as God se liggaam in wie God leef en deur wie God leef.

Jy moet ín hulle kerk glo!

'n Groep mense wat God se goddelikheid vir ander mense beliggaam, is nie die Here se kerk nie. Ons glo nie in die Here se kerk of enige ander groepering van mense wat hulle self kerk noem nie.

Ons glo aan die Here se kerk – dat Hy elkeen van sy kinders insluit in sy menslike liggaam in die hemel om ons te laat deel in sy dood en opstanding as mens. God is nie binne in ons groepie mense nie. Ons beliggaam nie God se goddelike lewe, krag,

Ons glo in Christus en aan sy kerk, nie in die kerk en aan Jesus nie.

mag, drome of planne nie. Ons is die Here se kerk, sy liggaam mdat ons elkeen met Hom as mens verenig is.

8. Wie in die kerk glo, gaan aan die Here Jesus glo en nie meer in die Here Jesus glo nie!

Dit gebeur ook nou regtig in al hierdie groepe binne die NG Kerk wat hulle self graag as spiritueel wil voorhou! Hulle glo dat hulle net so geestelike kan wees soos Jesus. Wie glo dat hulle so geestelik, so spiritueel soos Jesus kan wees, glo nie meer in Jesus Christus die Here nie. Hulle glo nou aan Jesus.

Hulle glo dat hulle ook dieselfde as Jesus kan doen en dat Jesus vir hulle wys wat hulle vir God moet doen. Só glo hulle nie meer in die Here Jesus Christus nie, maar glo hulle aan wat Jesus vir hulle wys wat om te doen.

Dit is mos wat “glo aan” beteken! “Glo aan” beteken dat God met elkeen presies dieselfde doen. Hulle glo regtig aan Jesus, dat God alles met ons doen wat Hy met Jesus gedoen het, en alles deur ons doen wat Hy deur Jesus doen.

Hulle glo aan Jesus wat Homself geoffer het soos ons ook onself vir God vir sondes moet offer!

Hulle glo aan Jesus wat Homself opgegee en oorgegee het vir God net soos ons self vir God moet opgee en oorgee.

Hulle glo aan Jesus wat God in sy lewe laat opstaan het sodat God deur Jesus se gees kan leef, net soos ons ook God in ons lewe moet laat opstaan sodat God deur ons gees moet kan leef.

God doen met ons en Jesus dieselfde en daarom moet ons aan Jesus glo – dat Hy vir ons wys hoe geestelik ons soos Hy kan wees.

Ons glo nie aan Jesus wat ons wys wat ons vir God kan doen nie. Ons vertrou Jesus as Here en God! Ons vertrou Hom dat Hy ons insluit in wie Hy as mens is sodat ons sondes sy sondes kan wees en sy regverdig en heilige lewe ons s'n kan wees.

Ons glo in Jesus en die kerk en nie anders om aan Jesus en in die kerk nie.

9. Ons moet ons goed vergewis van die verdoemende kritiek van hierdie valse geestelikheid of te wel spiritualiteit teen die kerk van die Here Jesus Christus! In al hulle kritiek teen die Here se kerk, wil hulle in die kerk en aan Jesus glo en nie andersom nie.

“Ons kan nie God se liefde in julle sien en ervaar nie!” “Julle is nie betrokke by God se missie en visie met die wêreld nie!” “Julle leef nie God se droom nie.” “ons kan nie die lewe van God in julle ervaar nie.” “Julle straal nie God se beeld uit nie.” “Julle leef nie in die krag van God nie.”

Wat is die bedoeling van al hierdie venynige aanvalle op die kerk van die Here. Ons kan dit in een sin opsom: Ons kan nie in julle kerk en aan julle Jesus glo nie!

Ons glo in Christus en aan sy kerk, nie in die kerk en aan Jesus nie.

Klink hierdie venynige aanvalle op die kerk van die Here vir u soos Paulus kinders van aan Here en een Vader oproep: “om so te leef dat julle die roeping waarmee julle geroep is waardig is: deur mekaar met volle nederigheid en saggeaardheid, en met geduld en liefde te verdra.” (4: 2)

Hierdie verdoemings kom uit 'n ander gees en ander groep as die een Gees en een liggaam van die Here. (4: 4) Daar is ook niks goeds of opbouend in hierdie aanvalle op die Here se kerk bedoel nie.

Dit is mense wat nie in die Here nie maar in die kerk wil glo! Hulle glo nie die Here is mens vandag nie maar wil God beliggaam in hulle groepie en God vir ander 'n werklikheid maak. Daarvoor moet jy in hulle kerk glo – in hulle kerk se lewe, krag, mag, droom, missie en visie van en oor God. Daarom moet jy ook in hulle geestelike leiers glo want hulle bedryf God se lewe, krag, mag, doen en planne.

Dit is mense wat nie aan die kerk van die Here wil glo nie. Hulle wil nie glo dat sondige mense vir God reg en heilig is nie. Hulle gebruik mense se sondes om te wys dat hulle nie die liggaam van God is nie. Dit terwyl dit juis die teendeel is: ons glo aan wat die Here Jesus vir sondige mense doen en wi hy hulle laat wees – reg en volkome vir sy diens ten spyte van hul sondes en sondigheid.

Hierdie kerklike verdoemenisse kom uit 'n gees wat nie in die Here Jesus wil glo nie maar aan die Here Jesus! Hulle glo daaraan dat God alles met en deur hulle kan doen wat Jesus gedoen het. So glo hulle aan Jesus. Hulle vertrou Hom nooit om in hulle plek die mens te wees wie hulle nooit kan wees nie: die sondaar wat self sy straf moet dra en die mens wie reg en heilig volgens God se wet moet wees nie.

Hulle glo hulle groep is net so geestelik soos Jesus!

Ons is die liggaam van die Here Jesus Christus. Ons beliggaam nie God se goddelikheid vir die wêreld nie.